

Nuus / News

No. 25-01 | 07 Mar 2025



'n Nuwe jaar met nuwe dinge

Die eerste twee maande van 2025 het verby gevlieg. Die jaar het sommer begin met uiterstes van droogte, goeie reën tot oorstromings in die noorde. Dit lyk of vleisrpyse begin kop optel en ons hoop dat goeie weiding en verbeterde uitvoere sal help om stukrag te gee aan ons veilings.

Aan die politieke front is dinge baie interessant. Na die VSA verkiesing is die "kat in die hoenderhok" en is die mees wyse benadering seker maar om te wag dat die "vere waa" en kyk wie of wat oorbly. Daar gaan sekerlik oor die medium tot langtermyn beserings wees maar kom ons hoop AGOA bly in plek.

Hierdie Nuusbrief hanteer 'n hele paar onderwerpe en ons hoop julle vind dit interessant. Ons sien uit na die jaar en maak staat op almal se aktiewe deelname.

Daan Viljoen
Interim Voorsitter en Bestuur

'Enter to learn, depart to serve'
(adopted from a Zambian School)

Klub aangeleenthede / Club affairs

Algemene Jaarvergadering (AJV)

Die AJV was gehou op 22 Feb 2025 te Clarens Golf Estate.

Die AJV is vooraf gegaan deur 'n interessante besoek aan Henry Wales se plaas en daarna 'n Fase D afsluiting en besoek by Daan en Jean Viljoen. Die keuring en bespreking deur Arthur de Villiers en SP Olivier het weereens beklemtoon dat sulke geleenthede nie net in ooreenstemming met die protokol en Bonsmara Stelsel is nie, maar 'n waardevolle opleidingsgeleentheid is vir almal, maak nie saak hoe lank jy al 'n teler is nie. Dankie Daan en Jean vir die beskikbaar maak van julle kuddes en almal se tyd en moeite.

Ongelukkig kon die AJV nie daarin slaag om 'n kworum te bereik nie. Daar is eenparig besluit om voort te gaan met die Sakelys en alle items is hanteer. As gevolg van nie beskikbaarheid en bedankings is daar tans net twee komiteede met Daan Viljoen as Interim-Voorsitter en Giel Bekker.

'n Belangrike item op die Agenda vir bespreking was punt 11.2 - Doelstelling van die Klub. 'n Voorstel is gemaak om, onmiddellik na die AJV, 'n strategiese hersiening van die klub se visie, rol en funksies te doen. Die Strategiese Sessie was oop vir enige iemand om by te woon, al het dit met die gholftye ingemeng.

Meer inligting oor die uitkoms van die kort strategiese hersiening vanaf die volgende bladsy.



Na die vergadering het Quinton Ferreira en Jacques Pienaar bedank. Tans het die klub net twee komiteede en sal so voortgaan in die interim. Enige nominasies of vrywilligers vir komiteede is welkom en kan dit kommunikeer aan Evelyn.

Honorary membership

Tribute was paid to Pieter Booysen, a beloved in the Bonsmara family who lost his battle with cancer.

Before his passing, honorary membership was awarded to Pieter and was received by Nick Serfontein on behalf of his family.



Honorary membership was also awarded to Nick Serfontein. Nick is the oldest member of the club but is still passionate about what is happening and encourages everyone to participate. His leadership extends beyond Bonsmara and he can rightly be considered a pioneer in new thinking in the agricultural industry. It is a privilege to have Nick part of our club and look forward to his wise advice in the years ahead.

Belangrike nota: 'n Kykweer vir die HBK veilingsbulle is geskeduleer vir 4 April om 11am by Sernick. Die bulle wat voorberei gaan word vir die veiling op 3 Okt 2025 sal dan gefinaliseer word.


Strategie / Strategy / Leano la leano

Visie en samestelling van die komitee

Tydens die AJV is eenstemmigheid bereik dat die huidige visie van die klub nie belynd is met Bonsmara SA se doelstellings nie. Die volgende, nuwe konsep visie is voorgestel:

Die Hoëveldklub poog om ontwikkeling - , opleidings - en bemarkingsgeleenthede aan klublede te bied tot bevordering van die Bonsmara ras, Genootskap, asook stoet - en kommersiële telers.

Om die visie te ondersteun is voorgestel dat die komitee samestelling en rolverdelings aangepas word om te fokus op aangewese portefeuljes. 'n *Adviesraad*, bestaande uit ouer, gevestigde telers wat reeds op die Bonsmara Raad gedien het, is saamgestel. Die komitee portefeuljes bestaan uit *Bemarking*, *Opleiding* en *Veilings*. 'n Visie-voorsitter sal aangewys word uit die portefeulje lede. Finansies sal ressorteer onder *Administrasie en Finansies* wat 'n vaste aanstelling is.



Klub doelwitte

Vyf, praktiese doelwitte is gelys:

1. Maak Bonsmara SA en Stamboek deel van die klub se aktiwiteite.
2. Kry lede terug by die AJV en ander aktiwiteite.
3. Streef aktiewe netwerk geleenthede na met praktiese, relevante temas.
4. Betrokkenheid by die klubveiling deur inskrywings, bywoning, koper verwing en ondersteuning deur aankope.
5. Meer Boeredae (3 tot 4), verspreid in die streek.



Telerprofiel / Breeder profile / Mohaelisa profile

Arthur de Villiers



Die ontstaan, ontwikkeling en filosofie

AG Bonsmaras het begin om Bonsmara bulle te gebruik in 1957 in die Thabazimbi area. My Pa – Arthur Greyling de Villiers (AG) het onder Professor Jan Bonsma op UP gestudeer en hy het gereël dat ons van die eerste “leen” bulle van die Staat kon gebruik. Hulle is gebruik op suiwer Afrikaner koeie. Na die tweede knellende droogte in 1985, en ek my studies voltooi het in Veekunde aan Tukkies, het ons Memel toe getrek. Ons het die plaas Arcadia gekoop en daar gevestig met 140 koeie.

Ons filosofie vir Bonsmara teling is dat ons 'n bees wil teel wat met so min as moontlik kostes en bestuur moet klaarkom. Ons glo in 'n medium tot vroegryp bees met gemiddelde groei, gemiddelde melk, gemiddelde skrotumomvang en laer as gemiddeld op skouer hoogte. Ons glo ook aan 'n gemiddelde geboortemassa. Hierdie is 'n eienskap wat ons mooi wil oppas. Ons glo ook daaraan om so veel as moontlik van die veld af te boer. Daarom doen ons ook 'n Fase B met ons bulle – op weiding. Ons neem Teelwaardes in ag met elke seleksie besluit MAAR ons kyk beslis meer na bouvorm, op bulle en koeie. Manlike bulle en vroulike koeie – sonder erflike gebreke, met goeie diepte en kapasiteit.



Unieke praktyke van AG Bonsmaras

- Die AG kudde is die eerste stoet beeskudde wat op groot skaal meerbulparings begin doen het – dit was in 1997.
- Ons sit ons bulle in op 20 Desember. Hierdie later insit van die bulle beteken dat ons koeie reg deur die winter en lente gaan sonder 'n baal voer.
- Ons het altyd 'n somer dekseisoen gehad – 75 dae (20/12 tot 28/2) lank en 'n winter seisoen (1/5 tot 30/6) van 60 dae. Dit is dus 135 dae blootstelling aan die bul. Ons somer en winter dekseisoen loop nou aanmekaar – 20 Desember tot 30 April.
- Op Arcadia weeg ons ons kalwers op die regte speen datum maar ons speen nie fisies die kalwers nie – ons jaag hulle na die weging weer by hulle moeders.
- Ons was ook van die eerste kuddes wat met redelike getalle (tussen 100 tot 200) ons verse op 14 tot 16 maande gedek het.
- Die koeie speen self die kalwers op 8 tot 9 maande – met die voorwaarde dat die koei dragtig is. Geen stres vir die koei, die kalf, jou drade of jou mense nie. Ons praat hier van 15 tot 20 kilogram verlies op 'n jaar as jy sou speen versus ongeveer 10 kg toename as die moeders hulle eie kalwers speen. Hier wen jy dus 25 tot 30 kg op jaar massa.
- Ons haal nie ons bulle uit na 30 April nie – die bulle loop feitlik reg deur die jaar by die koeie (nie die verse nie). Die uitgangspunt vir dit is dat ongeveer 90% van die koeie in die dektyd beset gaan raak. Die +_10 wat nie beset is nie – raak wel later beset en dan kan ons hulle verkoop as kommersiële dragtige koeie

Die volgende AG Bonsmara veiling vind plaas op 9 April 2025 op die plaas Arcadia, Distrik Vrede.

Aanbod: 70 bulle en 150 koeie en verse – dragtig of 3 in eens of met 'n kalf aan haar sy.

Gratis vervoer in 'n radius van 400 km om Vrede.


Lekker boer.

Arthur de Villiers 082 564 8912

Bultoetse

Boshoff Bonsmara – Fase D toetse vir Klublede

Boshoff Bonsmaras bied Fase D toetse aan vir Klublede. Die oogmerk is om geleenthede te bied vir nuwe (en gevestigde) telers om jong bulle deur 'n goedgekeurde Fase D toets te sit. Koste en inligting is beskikbaar.



Die volgende word tans aangebied:

'n **Promosie staanprys per dag van R4.00 vir Klublede** - vir die volgende 2 Fase D toetse.

Datums vir die toetse hierdie jaar is .

Fase D Toets 1

Aankoms: 24 Maart 2025 (moet in kraal slaap vir leegpens weeg)

Toets begin: 25 Maart 2025 (word geweeg en daarna 2 weke aanpassing op voer in kraal)

Fase D Toets 2

Aankoms: 21 Julie 2025 (moet in kraal slaap vir leegpens weeg)

Toets begin: 22 Julie 2025 (word geweeg en daarna 2 weke aanpassing op voer in kraal)

Ons is bereid om telers wat by hierdie datums kan inval te akkommodeer in ons program. Ons het reeds die idee met Andries Riekert en met Bernard getoets en hul het gesê dat dit as 'n Fase D 1 toets sal geskied.

Barry Hertzog, 082 320 5952, barry@boshoffbonsmaras.co.za

Melanie Boshoff, 071 491 9000, melanie@boshoffbonsmaras.co.za



Boeredae / Farmer's Days / Letsatsi la Balemi

Letsatsi la Balemi la Balemi

E ile ya eba letsatsi le atlehileng la boRapolasi ba ntseng ba thuthuha, le neng le tswaretswe Sernick ka la 7 Hlakola selemong Sena sa 2025. Batho ba neng ba tlile ba ne ba ka feta makgolo a mane (400) ka palo, ho kenyelletsa le mosebelletsi (minister) wa tsa temo Mohlomphehi (honourable) John Steenhuizen. O ile a fana ka puo ya bohlokwa mabapi le tsa temo. Mohlomphehi Elzabe Rockman e leng MEC ya tsa temo profensing ya foreisitata le yena o ne a le teng, a fana ka puo mabapi le maemo a tsa temo ka hara porofensi ya foreisitata.

Ho hlakile hore baetapele ba tsa temo profensing ena ba na le tsebo e tebileng, ebile re dumela hore ba tla sebedisana mmoho le bohle ba ikarabellang ho fihlella katleho e ntle ho tsa temo ka hara naha ya Afrika Borwa. Sandile Nzuzo ho hlaha Bonsmara South Africa o ile a fana ka hlahiso leseding mabapi le kgetho ya dikgomo le boleng ba tsamaiso ya Bonsmara.




Farmers' and Information Days for 2025

A Club Farmers' Day is scheduled for 19 September 2025 at Sernick. This day will be in preparation for the Club auction on 3 October 2025.

The Club covers a large area of the central part of the country (see distribution plot below). This results in logistical and interaction challenges for members. To overcome that and in line with our strategic objectives, we would like to host two more farmers' days in different geographical areas. One in the south-mid-west Free State and another in the Mpumalanga/Gauteng area. We will require assistance from members and will be in contact with you in the near future regarding dates, venues, programs and arrangements.

★ Stud breeders

★ Commercial breeders



Over and above the Farmers' Days, individual breeders will host Information Days a week or two prior to their auctions.

Veilings / Auctions / Auctions ea

Nasionale Veiling – 19 Maart 2025

Die Nasionale Veiling word gehou by the Afridome, Parys. Dit is Bonsmara SA se vlagskip vroulike dier veiling en met 80 inskrywings van die beste vroulike diere in die mark beskikbaar.



BONSMARA SA
National Auction

NATIONAL AUCTION
19 March 2025
12:00 | Afridome | Parys

THE RED BREED EVENT
with guest speaker PJ Budler
19 March 2025
08:30 | Stonehenge River Lodge | Parys

VENSTRA BLOEMFONTEIN

Swift VEE 051 448 6084 | info@bonsmara.co.za
www.bonsmara.co.za

Die Hoëveldklub word goed verteenwoordig op die veiling en die volgende paar bladsye verskaf 'n oorsig oor die diere wat klublede aanbied.

Klublede se totale inskrywings is 35% van die totaal. Baie geluk.

Ons wens elke teler sterkte toe met die veiling. Mag julle harde werk en insette beloon word met top pryse.

KOEIE MET KALWERS

Lot 4 GZV 210143
Lot 5 AG 210355
Lot 6 GJN 210484
Lot 11 PEK 220021
Lot 13 NFS 210237

DRAKTIGE VERSE

Lot 16 AJF 230244
Lot 18 AG 220266
Lot 19 NFS 220240
Lot 20 RPE 220064
Lot 23 RB 220017
Lot 26 PDR 220149
Lot 30 QCF 220085
Lot 36 LMR 220155

KOEIE MET KALWERS

Lot 38 GZV 210275
Lot 39 GZV 210300
Lot 40 AG 210406

DRAKTIGE VERSE

Lot 49 AJF 230234
Lot 50 AJF 230211
Lot 53 AG 220383
Lot 54 NFS 230018
Lot 55 RPE 220207
Lot 60 PDR 220096
Lot 63 QCF 220277
Lot 64 QCF 220410
Lot 71 LMR 220293
Lot 72 LMR 220259
Lot 77 QCF 220425
Lot 78 QCF 220479

Hanzyl Bonsmaras – Gerrit van Zyl
AG Bonsmaras – Arthur de Villiers
Germar Bonsmaras – Gert Nel
BestBons Bonsmaras – Pieter & Elsa Kolver
Sernick Bonsmaras – Nick Serfontein

Ferrero Bonsmaras – Kiewiet & Nelius Ferreira
AG Bonsmaras – Arthur de Villiers
Sernick Bonsmaras – Nick Serfontein
Essakov Bonsmaras – Rubin Essakow
Rooyberg Boerdery – Pierre van Rooyen
Bonro Bonsmaras – Paul en Daleen Roos
Palmietfontein Bonsmaras – Quinton Ferreira
Paul Mare Bonsmara Stoet

Hanzyl Bonsmaras – Gerrit van Zyl
Hanzyl Bonsmaras – Gerrit van Zyl
AG Bonsmaras – Arthur de Villiers

Ferrero Bonsmaras – Kiewiet & Nelius Ferreira
Ferrero Bonsmaras – Kiewiet & Nelius Ferreira
AG Bonsmaras – Arthur de Villiers
Sernick Bonsmaras – Nick Serfontein
Essakov Bonsmaras – Rubin Essakow
Bonro Bonsmaras – Paul & Daleen Roos
Palmietfontein Bonsmaras – Quinton Ferreira
Palmietfontein Bonsmaras – Quinton Ferreira
Paul Mare Bonsmara Stoet
Paul Mare Bonsmara Stoet
Palmietfontein Bonsmaras – Quinton Ferreira
Palmietfontein Bonsmaras – Quinton Ferreira



Veilings / Auctions / Auctions ea

Sernick - 25 March 2025



SERNICK
BONSMARA
LEWENDIG EN AANLYN
MEERKAT
ONLINE AUCTIONS

Dinsdag
25 MAART
11:00 - LIEBENBERGSDOORN - EDENVILLE

25 Bulle & 450 Vroulike diere
IN ALLE PRODUKSIESTADIA

2025
Aanteeveiling

Nick Serfontein 082 554 7690
James Jnr 063 777 2403
James Allen 082 370 7553
Patrick Sekwatiakwatla 060 965 5004

Valsrivier - 23 April 2025



Valsrivier
BONSMARA
TELERS
20STE PRODUKSEVEILING

VALSRIVIER BONSMARA TELERS
23 APRIL 2025
11:00 - PLAAS VALENTIA,
BOTHAVILLE

30 SP BULLE
230 VROULIKE DIERE

Janus Oberholzer 082 922 1265
Cornay Botma 083 447 6148
Thabo van Zyl 083 468 2388

WISSENTRIL
BLOEMFONTEIN

Swift VEE

Training



CATTLE MARKETING
Management Training

Beef consumption is predicted to increase by around 3% each year for the next decade. Therefore, it is important for farmers to be aware of the various ways in which they can market their cattle in order to achieve the highest possible profit.

- The South African beef classification system
- Age Determination
- Hides and offal
- Marketing options - auction sales, out of hand selling, direct abattoir sales, feedlot marketing and informal marketing Livestock marketing guidelines and documentation
- Procedures for transporting the animal

8 - 10 April 2025
08.00 - 15.00

Boshoff Bonsmara
Feedlot
Leandra

RSVP Now!

WhatsApp
082 388 0916

ARMIS

BOSHOFF BONSMARA
LEANDRA

All sessions need to be attended in order to qualify for certification.

Master Stockman - Tom Lasater



Tom Lasater was born on this day in 1911. When his father died suddenly in 1930, Tom left Princeton University to take over the Lasater family ranch under the dire circumstances of the Great Depression. This financial collapse shaped Tom's lifelong approach to cattle raising, resulting in the creation of the Beefmasters breed.

Tom created a list of every important cattle trait, and he whittled down this list until he felt only the critical traits remained: He called it the "**Five Commandments**".

Called everything from "maverick" to "eccentric" and "crazy," Tom ignored naysayers and focused on his innovative ideas. Today, many of his ideas that once shocked the cattle industry are common practices in successful operations: defined breeding season, performance testing, population genetics through multiple-sire breeding, and culling any cow that does not wean a calf every year.

The fourth and fifth generations of Beefmasters' founding family still remains to improving cattle breeding and continue the proud legacy of Tom Lasater. He died in 2001.

Five Commandments of Livestock Breeding

Commandment 1 - Select for the Six Essentials

The six essentials for selection are disposition, fertility, weight, conformation, hardiness and milk production. For these essentials Tom provides very practical guidance:

a. Disposition

- Observe disposition differences between individuals during the first few days following weaning. Those with poor disposition are culled while others are judged continually thereafter.

b. Fertility

- Males: Goes into service at 12.5 to 14.5 months of age in large, multi-sire herds. Those most capable leave the most inheritance.
- Females: First bred between 12.5 and 14.5 months. Each female must wean a calf after a 65 days breeding season or be culled.

c. Weight

- Males: Select based on weaning weight (dam's milk ability) and post-weaning weight (individual ability).
- Females: At weaning light weight heifers are culled. Thereafter a cow is not culled on her own weight but for weaning a light weight calf.

d. Conformation

- Conformation is judged as it relates to "type on the hook", not "type on the hoof".

e. Hardiness

- Relentless production year after year with minimum assistance.

f. Milk production

- Males: Consider only top weaning weight bulls.
- Females: Cows weaning light-weight calves are culled.

The degree to which performance testing is used as a gimmick, to this same degree, its true purpose is being defeated - Tom Lasater



Commandment 2 - Strive for reproductive efficiency

- Keep >80% of calf-crop
- Breed from 13 months for 65 days

Commandment 3 - Performance test in a constant environment

- Livestock should be bred, born, raised, performance tested and sold under the conditions which they will produce.


Commandment 4 - Employ direct selection

- Select for specific trait sought, not a combination the breeder hopes will produce the desired results.

Commandment 5 - Utilise the adaptive powers of nature

- Select the best type for the environment.
- Use the best genetics.
- When the herd is large enough and best gene obtained, close the gene pool and apply the six essentials.

The Bonsmara and Beefmaster breeds were developed during the same time and Dr Jan Bonsma was close friends with Tom. Obviously some of their philosophies and practices were mutually influenced can be challenged, but few will argue against the success achieved in his breeding programme.



Adapted from: *The Lasater Philosophy of Cattle Raising* by Laurence M. Lasater
